

NOTICE 62/2023/2024

PROPOSED OUT-OF-HAND ALIENATION OF PORTIONS OF ERVEN 2244 AND 2267, RIEBEEK WEST

Notice is hereby given in terms of the Council's By-law and Policy relating to the Management and Administration of Immovable Property (PN 6067 of 2003) that the Council has granted approval for portions of Erven 2244 and 2267, Riebeek West (± 0.9949 ha in extent) to be alienated and transferred out-of-hand to Group 35 (Pty) Ltd, for consolidation with Erf 2106, Riebeek West, where a flour mill is in operation.

The property concerned is regarded a 'non-viable asset' in that it cannot be developed on its own or function as a separate entity. The purchaser wants to incorporate it into Erf 2106, Riebeek West to inter alia construct additional silos for the flour mill, to establish an extrusion plant, and to erect storage facilities.

In addition to the purchase price of R100/m² (VAT excluded) the purchaser shall also be responsible for all costs ancillary and incidental to this transaction, including advertisement costs, transfer costs and costs related to the relevant land use applications (including subdivision and rezoning) as well as the costs of consolidation.

Any comments and/or objections to the proposed alienation of the said portions of Erven 2244 and 2267, Riebeek West must be put in writing and directed to the Municipal Manager, Swartland Municipality, Private Bag X52, Malmesbury 7299 by no later than 16:45 on 29 March 2024. Enquiries in this regard may be directed to Ms Madelaine Terblanche at 022-487 9400.

J J SCHOLTZ
MUNICIPAL MANAGER
12 March 2024

MUNICIPAL OFFICES
MALMESBURY

KENNISGEWING 62/2023/2024

VOORGENOME UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN GEDEELTES VAN ERWE 2244 EN 2267, RIEBEEK-WES

Kennis geskied hiermee in terme van die Raad se Verordening en Beleid insake die Bestuur en Administrasie van Munisipale Onroerende Eiendom (PK 6067 van 2003) dat die Raad goedkeuring verleen het dat gedeeltes van Erwe 2244 en 2267, Riebeek-Wes (± 0.9949 ha groot) uit-die-hand-uit vervreem en oorgedra mag word aan Group 35 (Pty) Ltd, vir konsolidasie met Erf 2106, Riebeek-Wes waarop 'n meule bedryf word.

Die betrokke eiendom word beskou as 'n 'nie-bestaanbare bate' deurdat dit nie op sigself ontwikkel of as afsonderlike entiteit kan funksioneer nie. Die koper wil die gedeelte grond inkorporeer by Erf 2106 om onder andere addisionele silo's vir die meule aan te bou, 'n ekstrusie-aanleg te vestig en stoorfasiliteite op te rig.

Die koper sal – benewens die koopprys ten bedrae van R100/m² (BTW uitgesluit) – ook verantwoordelik wees vir alle aanvullende en toevallige kostes wat uit die transaksie mag voortspruit, ingesluit advertensiekostes, oordragkoste en die kostes wat verband hou met die relevante grondgebruiksaansoeke (waaronder onderverdeling en hersonering) asook kostes van konsolidasie.

Enige kommentaar en/of beswaar teen die voorgename vervreemding van die betrokke gedeeltes van Erwe 2244 en 2267, Riebeek-Wes moet op skrif gestel en gerig word aan die Munisipale Bestuurder, Swartland Munisipaliteit, Privaatsak X52, Malmesbury 7299 teen nie later nie as 16:45 op 29 Maart 2024. Navrae in die betrokke verband kan gerig word aan Me Madelaine Terblanche by 022-487 9400.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER
12 Maart 2024

MUNISIPALE KANTORE
MALMESBURY